

'n Oorweging van die sosiopolitieke kragte wat inwerk op die betekenis en toepassing van die diskresionêre taalklousule van die Suid-Afrikaanse grondwet

Koos Malan

Koos Malan: Departement Publiekreg, Universiteit van Pretoria

Opsomming

In 'n bydrae in *SA Publiekreg/SA Public Law* (ter perse) is uiteengesit dat die taalbepalings, hierna "die taalklousule" genoem, vervat in artikel 6 van die Suid-Afrikaanse grondwet 'n sterk diskresionêre karakter het. Die gesaghebbende interpreterende gemeenskap van hierdie bepaling, wat hoofsaaklik kom vanuit die huidige toonaangewende Afronasionalistiese stroming in Suid-Afrika, het derhalwe aansienlike beweegruimte om by wyse van hulle besondere vertolking van hierdie klousule konkrete inhoud daaraan te verleen. Teen hierdie agtergrond is dit van groot belang om te bepaal wat die sosiopolitieke kragte is wat in daardie geleedere werkzaam is en wat gevolglik die konkrete inhoud van die bepaling via die interpretasie daarvan bepaal. In hierdie ondersoek word aangetoon dat dieselfde kragte wat in Suid-Afrika werkzaam is, eweneens elders in Afrika aan die werk is. Die belangrikste van hierdie kragte word vervolgens geïdentifiseer en ontleed. Daar word in die besonder op vier hiervan gefokus: die kunsmatigheid van die staat in Afrika; die aard van politieke bewussyn in Afrika in samehang met die aard van Afrika-nasionalismes; die populêre oortuiging dat Engels (en die ander koloniale tale), anders as die inheemse tale, die weg baan om ekonomiese en sosiale aspirasies te verweselik, en gevolglik ook as voertaal in die onderwys verkies word; en laastens, dat die Afrikatale distansiërend met premoderniteit verbind word teenoor Engels (en die ander koloniale tale) wat vereenselwigend met modernisering en vooruitgang verbind word. Al vier hierdie kragte werk sterk ten gunste van Engels en verengelsing, en teen die Afrikatale. Indien die Suid-Afrikaanse grondwet oor 'n taalklousule beskik het wat in besonderhede uiteengesit het op welke wyse die inheemse tale hanteer en bevorder moet word, kon dit 'n belangrike rol gespeel het om hierdie tale te ondersteun en verengelsing teen te werk. Die diskresionêre taalklousule het egter juis die teenoorgestelde uitwerking deur as't ware die werking van hierdie kragte aan te help in plaas daarvan om dit te verswak.

Trefwoorde: grondwetlike taalklousule, verengelsing, sosiopolitieke kragte (wat amptelike taalgebruik beïnvloed), staat (kunsmatigheid van), politieke bewussyn, Afrika-nasionalisme, Afrikanernasionalisme, taal van aspirasie, onderwystaal, moderniteit

Abstract

An assessment of the forces impacting on the meaning and outcome of the discretionary official language clause of the South African Constitution

Section 6 of the Constitution of the Republic of South Africa (the official language clause) provides for eleven official languages. It then proceeds to create what on a proper analysis amounts to a broad discretion for organs of state in relation to the actual treatment of the official languages. (This aspect is fully explored in an article “The discretionary nature of the official language clause”, *SA Public Law / Publikreg* 2011, forthcoming). The way in which this discretion has been exercised (in conjunction with some other factors) has decisively steered South Africa in the direction of an official English monolingual state in all domains of official language use.

The question which this article seeks to answer is why this has been happening. To answer the question one needs to identify the forces that are causing organs of state to exercise their discretion in this monolingual English fashion. The discretionary official language clause has created space for these forces to determine the actual content of the official language dispensation in South Africa. The same forces have also exerted a similar influence elsewhere in African continent. The foremost of these forces are identified and assessed.

The artificiality of the state

Most African states are artificial creations of the erstwhile European colonial powers and their boundaries are largely the result of the policies of these powers. Long after decolonisation the political map of Africa remains the most visible and durable legacy of erstwhile colonial domination. Hence the notion of nationality – of being Zambian, Zimbabwean, South African, Nigerian, etc. - in the context of these artificial creations is principally a consequence of the machinations of the colonial powers. In Africa nations existed only in a territorial and not in a cultural or linguistic sense. South Africa also falls within this pattern.

Since gaining independence African states have adamantly clung to these colonially imposed state boundaries. Within these artificially created states, mostly devoid of the essential commonalities of nationhood, African governments must also devise an official language policy. In the face of menacing centrifugal forces of potentially tribal, ethnic and accompanying linguistic tensions that could endanger the existence of African states, governments take pains not to choose African languages that could unleash or exacerbate inter-communal tension and rivalry. Instead, African governments rather opt for a tribally “neutral” European link-language which, in the face of the absence of commonalities, serves as a neutral “nation-builder”, and as a medium for national, trans-tribal leadership.

African political consciousness and the nature of African nationalism

The African embrace of the former colonial languages, more particularly English, is much more than a function of *raison d' état*. African national political consciousness was created through the medium of the English language. English provided the political vocabulary for resisting colonial domination and for paving the way to political independence. The African languages were not regarded as capable of doing that. They kept Africans divided in a multitude of ethnic groups and tribes and prevented Africans from becoming conscious of their common state of colonial subjugation and from developing an understanding, in community with their fellow Africans, of their colonised condition. The European languages,

and English in particular, acted as the redeemer for Africans – the means that could liberate them from colonial control and lead them to political independence.

English was a prerequisite for leadership in Africa's national movements. The elites of these movements are also basically English-speaking. This also holds true for the African National Congress (ANC) in South Africa, which is basically an English-speaking movement, or at least a movement led by an English-speaking elite.

In this regard there is a fundamental difference between national political consciousness in Africa in contrast to that of Europe. European national consciousness is mostly essentially linguistic. The national consciousness of many of the communities were kindled by consciousness of the national language in question, its perceived splendour and its expressive abilities, and the accompanying development of the literatures of the various languages.

By contrast, African nationalisms do not have a linguistic basis. They are, rather, anti-colonial. They dare not place emphasis on any particular African language and on its development because that would place the state in mortal danger of being split up along communal lines.

Language of aspiration and of education

Regarding the use of language, the foremost trend in education among the black parents and pupils in South Africa has been to embrace English from the earliest possible stage. Even though educationists are unanimous that children do best when instructed in the mother tongue, black parents are equally unanimous in rejecting that opinion.

The trend elsewhere in previous British dominions in Africa is the same. If no African lingua franca is available the only suitable course to take is a "straight-for-English" approach, especially if parents see English as a prerequisite for socio-economic advancement for their children and press the school authorities to start English-medium education as early as possible.

After 1994, when the African National Congress came to power in South Africa, the trend in the education of African children slanted even more strongly towards English as the language of instruction in school education.

Forsaking the tribal and the backward for progress and modernity

The proclivity for English has a strong social foundation in that English is commonly favourably experienced among Africans across the continent. English is believed in many African countries to possess certain attractive qualities. It is experienced as "beautiful", "rich", "logical" and "sophisticated". It is also stereotyped as "precise", which is very highly valued by Africans in the fields of science, technology and academic teaching. English is seen as refined, sophisticated and superior, all concepts which refer to the superb quality of the English language. English is also associated with the modernity, success and the upwardly mobile educated cosmopolitan elite. It is widely believed that English is a personal asset and an instrument to promote a personal career. The indigenous African languages are no match for this. Some registers of these languages are not available in many of the African languages and therefore English serves as the fall-back position. Modern terminology is often lacking in the African languages, especially in the scientific and technical fields. It is often

argued that the African languages will also not be able to develop terms currently lacking or that such language would simply be too costly to develop. The African languages are often experienced by Africans as pre-modern, rural and pre-literate, lacking a developed vocabulary and literature, and suffering, if not from the reality, than at least from the perception among Africans themselves, that these are tribal languages.

When English first came into contact with the African languages it met them as pre-literacy languages. Africans acquired literacy through the medium of English (or one of the other European languages) and not through their own languages. Many African literati also prefer English as the only suitable or appropriate medium of literary expression.

These forces in favour of English are redoubtable. Even official languages clauses that seek to protect and promote indigenous languages would face an uphill battle in achieving their goal. However, if such clauses are strict, and set out in precise detail what is to be done in support of the indigenous languages in the field, in the higher domains of language use, they can nevertheless go a long way in protecting and promoting these languages. By contrast, a widely open discretionary official language allows for strengthening instead of curbing English monolingualism.

1. Die grondwetlike taalklousule

Artikel 6(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 wat in 1997 in werking getree het (waarna voorts verwys word as die huidige of die 1996-grondwet), maak voorsiening vir elf amptelike tale. In hierdie opsig volg dit in die voetspore van sy onmiddellike voorganger, die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993 (hierna die tussentydse grondwet of die 1993-grondwet genoem), wat in die tydperk vanaf 1994 tot 1997 van krag was en wat vir dieselfde elf tale voorsiening gemaak het. Artikel 3 van die tussentydse grondwet het die eertydse bedeling van twee amptelike tale wat sedert uniewording in 1910 bestaan het, beëindig. Volgens die algemene maatstaf van artikel 6 van die huidige grondwet moet die amptelike tale gelykheid van aansien (*parity of esteem*) geniet en billik (*equitably*) behandel word. Artikel 6 belas die staat ook met die plig om praktiese en positiewe stappe te doen om die status van die amptelike inheemse Afrikatale te verhoog en hulle gebruik te bevorder. Hierdie artikel bevat ook bepalings wat verband hou met die gebruik van die amptelike tale deur die nasionale regering en deur provinsiale en plaaslike regerings.

Gedurende die onderhandelings wat tot die aanvaarding van die tussentydse grondwet gelei het, was dit reeds duidelik dat die dominante kragte in die geledere van die African National Congress (ANC) vasbeslote was om met die eertydse bedeling van twee amptelike tale – Engels en Afrikaans – wat op 'n gelyke grondslag behandel is, weg te doen. Aanvanklik het die ANC voorgestel dat verskeie van die Suid-Afrikaanse tale as amptelik erken kon word en dat die bevoegdheid dan by die regering sou berus om enige van die amptelike tale aan te wys wat vir die doel van die uitoefening van regeringsfunksies gebruik kon word. Later het die ANC voorgestel dat al die Suid-Afrikaanse tale amptelike status moes geniet, maar dat een daarvan as dokumentasietaal gekies sou word terwyl die ander, soos dit gestel is, *beskerm* en *bevorder* sou word. Teen die einde van 1993, net voor die afhandeling van die onderhandelings vir die tussentydse grondwet, wat die jaar daarna in werking getree het, het

die ANC sy standpunt ten gunste van elf amptelike tale verander. Dit was waarop daar uiteindelik in November 1993 ooreengekom is (Steyn 1995:104–15) en wat as artikel 3 in die tussentydse grondwet opgeneem is en daarna ook in artikel 6 van die huidige grondwet neerslag gevind het.

Die invoer van elf amptelike tale is tereg in sekere kringe met skeptisisme begroet. Dit is onder meer gesien as 'n truuk aan die kant van die ANC om die saak ten gunste van die behoud van Afrikaans as amptelike taal te uitoorlê en om Engels vir alle praktiese doeleindes as die enigste amptelike taal in te voer. Die prominente Afrikaner-intellektueel en skrywer Jaap Steyn het byvoorbeeld verduidelik dat elf amptelike tale eenvoudig nie prakties is nie (Steyn 1993:106), terwyl Breyten Breytenbach die reëling oor die elf amptelike tale as klugtig en 'n blote wegbereiding na eentaligheid beskou het. 'n Ander vooraanstaande Afrikaanse skrywer, Abraham H. de Vries, en die akademikus F.I.J. van Rensburg het soortgelyke oortuigings gehad (Steyn 1995:105, 117). Steyn verwys ook na *Die Burger*, wat 'n verteenwoordiger van die *Washington Post*, Paul Taylor, aangehaal het wat verklaar het dat niemand glo dat die toekomstige regering die elf amptelike tale sou gebruik nie en dat die mees waarskynlike scenario is dat die taalreëling bloot aanleiding sou gee tot Engels as prakties die enigste amptelike taal. Die grondwetlike taalbedeling was dus 'n blote truuk om Afrikaans onregstreeks van sy amptelike status te stroop (Steyn 1995:177).

Nogtans het nie almal die skeptisisme gedeel nie en sommiges was daarvan oortuig dat 'n bedeling van daadwerklike veeltaligheid aangebreek het. André P. Brink is 'n voorbeeld van iemand wat nie besorg was nie, aangesien die regerende ANC na sy ervaring 'n sagte plekkie vir Afrikaans het (Steyn 1995:117). Toe daar finaal op artikel 6 van die huidige grondwet ooreengekom is, het destyds vooraanstaande Afrikaanssprekendes soos Fritz Kok, toe die besturende direkteur van die Afrikaanse Taal en Kultuurvereniging (ATKV), en Henno Cronjé, destydse voorsitter van die Federasie van Afrikaans Kultuurverenigings (FAK) gunstig daarop gereageer (Steyn 1996:272).

Vir die leidende historikus Hermann Giliomee was dit egter duidelik dat die destydse regering in die ANC met 'n mededinger te kampe gehad het wat, net soos sy eweknieë elders in Afrika, gretig was om Engels, die voormalige koloniale taal, tot die (enigste) openbare taal te verhef, waar dit kon dien as die waarborg vir poste en status vir die swart elite en hulle kinders (Giliomee 2003:644). Die historikus en politieke kommentator R.W. Johnson was van mening dat die beleid van elf amptelike tale bloot geveins was. In Europa, het Johnson opgemerk, was die Franse besorg dat die invoer van 'n derde amptelike taal noodwendig daartoe sou lei dat Engels prakties die enigste amptelike taal van die Europese Unie (EU) sou word. Die Franse het gelyk gehad, aangesien Engels inderdaad die oorheersende taal in die EU geword het. Indien drie tale in die EU een taal beteken het, het Johnson aangevoer, dan sou elf amptelike tale in Suid-Afrika gewis ook beteken dat Engels die enigste amptelike taal van Suid-Afrika sou word (Johnson 2009:370). Die punt is dat namate al hoe meer tale amptelike status kry, dit prakties net eenvoudig te moeilik raak om daadwerklike gelyke behandeling vir almal te voorsien.

2. Verengelsing sedert die inwerkingtreding van die Grondwet

Sedert die aanbreek van die era van elf amptelike tale in Suid-Afrika het die land vinnig in die rigting van amptelike Engelse eentaligheid beweeg. Reeds teen die einde van die 1990's het daar uit die finale verslag van die Language Task Group (LANTAG), 'n taakgroep van die Departement Kuns, Wetenskap en Tegnologie, getiteld *Towards a national languages plan for South Africa*, 'n neiging tot Engels en tot Engelse amptelike eentaligheid geblyk. Engels vervul die funksie van die sogenaamde ankertaal, wat deurlopend vir alle funksies gebruik word, terwyl die ander tale bloot roterend of – nog minder – bloot sporadies aan die beurt kom.

Engels is die enigste taal waarin alle nasionale wetgewing gepubliseer word, terwyl die gebruik van Afrikaans vir hierdie doel drasties ingekort is en die ander amptelike tale inderdaad ook nog geen noemenswaardige vordering getoon het nie (Malan 2008:59 e.v.). Ondanks die grondwetlike opdrag dat die status van die Afrikatale verhoog en hulle gebruik bevorder moet word, bestaan daar beduidende judisiële ondersteuning dat slegs Engels in plaas van ook hierdie tale en Afrikaans vir die notulering van hofverrigtinge aangewend moet word (Malan 2009:141 e.v.). Die staatsdiens adverteer uitsluitlik in Engels vir die vul van vakante poste in staatsdepartemente – selfs in nie-Engelse (Afrikaanse) nuusblaaie. Voorts het Engels sy posisie verder verskans in die onderwys, waar swart skoliere meer as ooit tevore onderrig in Engels in plaas van die plaaslike Afrikatale ontvang (Malan 2010a:261 e.v.)

Die Afrikatale speel bykans geen rol as onderrigtaal in skole wat bygewoon word deur swart leerlinge wat 'n Afrikataal as moedertaal het nie. In die era sedert 1994 het die Afrikatale se posisie as universiteitstaal aan Suid-Afrikaanse universiteite eweneens merkbaar agteruitgegaan. Akademiese departemente wat vir die onderrig van hierdie tale verantwoordelik is, het in die tydperk beduidend gekrimp, vergeleke met hulle posisie voor 1994. Onder 'n grondwet wat voorgee om die Afrikatale te ondersteun, is dié tale ironies genoeg tans swakker daaraan toe as in die eertydse bestel waar hulle nie amptelike status geniet het nie. Mondli Makhanya, die redakteur van waarskynlik die land se mees invloedryke koerant, die *Sunday Times*, betreur die klaaglike toestand van die Afrikatale in die land (Makhanya 2008 en 2010). Ook die Konstitusionele Hof het na die jammerlike situasie verwys dat ouers wat moedertaalsprekers van die Afrikatale is, verkies om hulle kinders in Engels te laat onderrig in weerwil van die oorweldigende getuienis dat moedertaal-onderrig verreweg die beste medium vir onderrig en die opdoen van kennis is (*Head of the Department of Education Mpumalanga and Another v Hoërskool Ermelo and Others 2010 (3) BCLR 177 (CC) para 50 193G-194A*).

As 'n amptelike taal het Afrikaans, wat kragtens alle grondwette sedert Uniewording op gelyke grondslag met Engels hanteer is, sedert 1994 konstant agteruitgegaan. Reeds in 2000 het een politieke kommentator verklaar dat Afrikaans nie meer 'n “staatstaal” is nie, en dit ondanks die feit dat dit kragtens die grondwet amptelike status geniet (Venter 2000).

Die menslike-hulpbronne-beleid van die regering is ook 'n faktor wat verengelsing sterk ondersteun. Dié beleid staan onverskillig teenoor die taaldemografie en -voorkeure van plaaslike gemeenskappe. Dit streef na die bereiking van nasionale verteenwoordigheid in alle georganiseerde lewensfere wat kragtens die huidige grondwet een van die sleutelemente van die regering se program van transformasie geword het. Hierdie program het sedert die inwerkingtreding van die huidige grondwet tot die algemene verengelsing van die staatsdiens gelei (Malan 2010b:427 e.v.). Gevolglik het Suid-Afrika grootliks 'n Engelssprekende land geword, in die besonder op die gebied van taalgebruik in staats- en regeringsake, met Engels as die oorheersende taal en die ooreenstemmende verwaarlosing van die ander amptelike tale. Johnson (2009:71) merk heel tereg op dat Suid-Afrika sedert 1994 vinnig na die punt van 'n Engelssprekende land beweeg het.

Die sleutelvraag is hoe dit dan kon gebeur dat hierdie onbeteuelde amptelike Engelse eentaligheid ingetree het binne 'n grondwetlike orde wat juis voorgee om vir die teenoorgestelde voorsiening te maak.

Daar is baie verklarings vir verengelsing. Globalisering, meer bepaald ekonomiese verengelsing, is natuurlik 'n belangrike faktor. Elektroniese kommunikasie en die internet is betreklik nuwe verskynsels wat globalisering tans aanhelp en Engels as die gemeenskaplike taal van globale ekonomiese betrekkinge ondersteun. Tog is toenemende globalisering nie 'n nuwe verskynsel nie. Dit is reeds vir dekades, indien nie eeue nie, met ons. Ekonomiese globalisering, selfs in sy huidige kragtige gedaante, kan derhalwe nie op sigself die enigste en totale verklaring vir Suid-Afrika se oënskynlik onbeheerde verengelsing bied nie.

Daar is twee ander kragte wat 'n besonder belangrike rol veral in Suid-Afrika se voortstuwung na amptelike verengelsing speel.

Die eerste is die diskresionêre aard van Suid-Afrika se amptelike taalklausule (artikel 6 van die grondwet) waarop elders ingegaan is (Malan 2011). Hierdie bepaling maak nie voorsiening vir streng voorskrifte van hoe die tale behandel moet word nie. Intendeel, die voorskrifte van hierdie bepaling is betreklik vaag en vestig 'n betreklik breë diskresie en voortspruitende interpretasie-ruimte vir hoe wetgewers, die uitvoerende gesag en ander staatsorgane wat met die amptelike tale gemoeid is, met betrekking tot hierdie tale mag optree. In die afwesigheid van streng voorskrifte en maatstawwe het hierdie organe derhalwe 'n wye diskresie waar dit kom by die praktiese inhoud wat aan die amptelike taalbedeling toegeken word.

Tweedens, gegewe die feit dat die amptelike taalklausule 'n beduidende diskresionêre element het, is dit belangrik om te bepaal hoe die diskresie uitgeoefen word en veral om te bepaal welke kragte bepalend is vir diegene wat die diskresie met betrekking tot die amptelike tale uitoefen. Watter onderliggende kragte bepaal wat *gelykheid van aansien* en *billike behandeling* in praktiese terme beteken? In die lig van sodanige breed-geformuleerde grondwetlike maatstawwe rakende die hantering van die amptelike tale speel hierdie kragte klaarblyklik 'n baie belangrike rol. Dit is hierdie kragte wat juis toenemende amptelike Engelse eentaligheid meebring. Die diskresionêre aard van die taalklausule skep juis die

ruimte vir hierdie kragte om die werklike inhoud en praktiese uitwerking van die amptelike taalbedeling te bepaal. Indien daar strenger amptelike taalbepalings was, wat nie vir 'n breë diskresie voorsiening gemaak het nie, sou hierdie kragte uiteraard nie so 'n belangrike rol gespeel het in die verlening van daadwerklike inhoud aan die amptelike taalbedeling nie. Dit sou die uitwerking van hierdie kragte ten minste gedeeltelik in toom kon hou. Die diskresionêre aard van hierdie bepaling gee egter vryer teuels aan hierdie kragte, sodat dit inderdaad 'n konkrete uitwerking op die taalbedeling het. Die diskresionêre aard van die taalklousule is dus 'n faktor wat amptelike verengelsing fasiliteer.

Sommige van die kragte is polities en ander ekonomies en sosiaal van aard. In die bespreking wat volg, word minstens sommige van hierdie kragte geïdentifiseer en toegelig. Soos dit uit die bespreking blyk, het die einste kragte elders in Afrika 'n soortgelyke uitwerking. In die bespreking sal die kragte ten gunste van verengelsing elders in Afrika gevolglik besondere aandag kry, omdat dit belangrike insig bied vir die posisie in Suid-Afrika self.

Die meeste Afrika-state het die algemene struktuur van die taalbeleid wat hulle van die eertydse koloniale heersers geërf het, behou (Bamgbose 1991:69; Heine 1992:23). Dienooreenkomstig het die meeste Afrika-state 'n buitelandse, meer bepaald Europese, taal as amptelike taal verklaar wat aangewend word as die medium vir regeringsbeheerde nasionale kommunikasie in die domein van die staatsadministrasie en onderwys (met die uitsondering van die eerste paar jaar van laerskoolonderwys). 'n Handjievol state het amptelike status aan een of meer van die inheemse tale toegeken. Selfs in sommige van hierdie state is daar egter 'n beduidende gaping tussen die amptelik-verklaarde taalbeleid en die daadwerklike patrone van amptelike taalgebruik. Ofskoon die bevordering van die inheemse tale die verklaarde doelwit van owerheidsbeleid is, bly regeringsbeheerde kommunikasie beperk tot die buitelandse taal, wat óf die enigste óf een van enkele amptelike tale is (Heine 1992:25) Gevolglik verskil die de facto-posisie merkbaar van dit waarvoor in die grondwet voorsiening gemaak word.

3. Die kragte ten gunste van verengelsing – faktore wat die daadwerklike inhoud van die amptelike taalbedeling bepaal of beïnvloed

Die kragte ten gunste van verengelsing bestaan in die opvattinge en oortuigings van (die meerderheid van) diegene wat vir die administrasie van die amptelike taalbedelings verantwoordelik is. Ofskoon die onderhawige bespreking 'n onderskeid tussen hierdie kragte tref, is hulle heg verweef en wedersyds ondersteunend.

3.1 Die kunsmatigheid van die staat

Op enkele uitsonderings na is die Afrika-state nie die skeppings van die mense van Afrika nie. Inteendeel, Afrika-state en nasies in Afrika is meestal die kunsmatige maakselfs van die eertydse Europese koloniale magte, terwyl die staatsgrense eweneens die nalatenskap van die koloniale beleid van hierdie moondhede is (Bamgbose 1991:10; 14). Met die koloniale stormloop na Afrika gedurende die laat 19de eeu het koloniale magte grense arbitrêr afgebaken in ooreenstemming met hulle eie voorkeure en na gelang van die magsverhoudings

tussen die koloniale mededingers. Afrika se eie demografie en die wense van die mense van Afrika het geen rol gespeel in die afbakening van die grense van die kolonies en die opvolgerstate wat hierna tot stand gekom het nie (Mutua 1995:1113–76; sien ook in die algemeen Brownlie 1979). Die state en die gepaardgaande grense is eenvoudig op die inwoners afgedwing. Lank na dekolonisasie bly Afrika se politieke kaart steeds die mees standhoudende en sigbare nalatenskap van die eertydse koloniale oorheersing van Afrika. Dienooreenkomstig is die denkbeeld van nasionaliteit – naamlik om ’n Zambier, Zimbabwier, Suid-Afrikaner, Nigeriër (DR), Kongolees, ens. binne hierdie kunsmatige state te wees – hoofsaaklik die gevolg van die bedrywighede van voormalige koloniale moondhede.

Dit is teen hierdie agtergrond dat Meredith (2005:8) Abubakar Tafawa Balewa, die eerste federale eerste minister van Nigerië, aanhaal wat verklaar het:

Since 1914 the British government has been trying to make Nigeria into one country, but the Nigerian people are themselves historically different in their backgrounds, in their religious beliefs and customs and do not show themselves signs of willingness to unite [...]. Nigerian unity is only a British invention.

In Afrika bestaan nasies slegs in ’n territoriale sin en het dit nie ’n bykomende kulturele en/of taalkundige betekenis nie (Meredith 2005:8; sien ook Venter 1998:13). Minogue (1967:28–9) verklaar gevolglik heel tereg dat die mees opvallende eienskap van nasionalisme in die Afro-Asiatiese wêreld juis dit is dat daar dikwels hoegenaamd geen nasies bestaan nie:

The complex of peoples, races and religions which make up many such countries gains virtually the only unity to which it may lay claim from the struggle for independence. Arrived at independence, such countries are in danger of falling apart.

Suid-Afrika is soortgelyk. Toe Suid-Afrika in 1910 as Unie tot stand gekom het, was dit sonder ’n nasie (Degenaar 1993:4). Gagiano (1990:32) verklaar spesifiek met betrekking tot Suid-Afrika dat dit nie ’n gemeenskap, pluraal of andersins, is nie, maar eerder ’n universum van gefragmenteerde groepe wat dieselfde politieke, sosiale en ekonomiese ruimte binne ’n gemeenskaplike gebied deel. Vir nasieskap in Afrika was die onderlinge bande van ’n gemeenskaplike taal, kultuur, afkoms en historiese bewussyn, wat die noodsaaklike bestanddele vir nasieskap is, net te swak, of geheel en al afwesig. Trouens, daar is stéeds geen Suid-Afrikaanse nasie nie (Giliomee 1991:67). Die voormalige president van Suid-Afrika, Thabo Mbeki, het (toe in sy hoedanigheid as adjunkpresident) in ’n parlementêre toespraak op 29 Mei 1998 verklaar dat Suid-Afrika steeds uit twee nasies – een wit en een swart – bestaan (Mbeki 1998). Venter (1998:1, 2) gaan ook uit van die aanname van die niebestaan van ’n Suid-Afrikaanse nasie.

Toe Afrika-state onafhanklik geword het, was hulle vasbeslote om tot elke prys die staatsgrense wat op hulle afgedwing is, sonder enige verandering te behou. Ofskoon dié grense deur die koloniale moondhede afgebaken is, het dit ’n bykans heilige karakter verwerf. In verskeie leidende regsinstrumente in Afrika word die grense as permanent beskou en word enige verandering daaraan verbied (artikel III(3) van die Handves van die Organisasie vir Afrika-Eenheid (OAE) van 1963; resoluë AGH / RES 16(1): *Resolution on the Intangibility*

of *Frontiers*, aangeneem op die eerste spitsberaad van staatshoofde van die OAE in Kaïro in 1964; artikel 4(c) van die Stigtingsakte van die Afrika-Unie (AU) van 11 Julie 2000).

Regerings en bevolkings in Afrika moet hulle weg binne hierdie kunsmatig-geskepte state en nienasies vind. Binne hierdie afgedwonge kunsmatige strukture, meestal ontdoen van die gemeenskaplikhede van nasieskap, moet hulle ook 'n geskikte taalbeleid probeer bedink. In die aangesig van gevaarlike verdelende kragte soos stam- en etniese verdelings, wat maklik tot grootskaalse onstabiele kan lei wat die bestaan van hierdie state in die gedrang kan bring, was daar vir Afrika-regerings net een redelike keuse beskikbaar. Dit was om die grootste moontlike sorg aan die dag te lê om nie enige Afrikataal of -tale as amptelike taal te kies nie, want dit kon juis hierdie potensieel verdelende kragte loslaat wat tot intergemeenskapspanning en -stryd kon lei. In plaas daarvan moes regerings eerder 'n "neutrale" Europese taal kies wat, afhangende van die koloniale geskiedenis van die betrokke Afrikastaat, Engels, Frans of Portugees kon wees (De Varennes 1996:108; Bamgbose 1991: 23).

'n Baie kragtige neiging in talle Afrika-state is daarom dan juis dat die koloniale tale dikwels as besonder positief beskou word, nie alleen vanweë hulle nuttigheidswaarde nie, maar ook – heel blatant – vir hulle potensieële waarde om plaaslike identiteite te onderdruk en nuwe nasionale identiteite te kweek (Herbert 1992:14).

Ook Mazrui (1975) beklemtoon hierdie aspek. Hy verduidelik dat aangesien die proses van nasiebou (vanweë die afwesigheid van nasies) kritiek belangrik vir Afrika-state is, alle moontlike aspekte van die openbare lewe wat vir dié doel beskikbaar is, ter ondersteuning van nasiebou aangegryp moet word. Dit sluit juis die taalfaktor in. Die keuse van 'n Afrikataal as amptelike taal, sê Mazrui, kan die voortbestaan van die nasiestaat in Afrika bedreig, aangesien dit baie seldsaam is, soos in die geval van Somalië, waar die hele bevolking dieselfde moedertaal deel. Die logiese keuse in die voormalige Britse kolonies is derhalwe om Engels as die enigste sogenaamde etniese neutrale taal as amptelike taal te kies (Mazrui 1975:102).

Hage Geingob, 'n prominente Namibiese politikus, het die keuse van Engels as amptelike taal vir Namibië (en baie ander Afrika-state) baie insiggewend soos volg saamgevat:

The aim of introducing English is to introduce an official language that will steer the people away from linguo-tribal affiliations and differences and create conditions conducive to national unity in the realm of language. (Aangehaal deur Alexander 1989:44)

In die nasiestaat word taaldiversiteit dikwels as 'n versperring in die weg na die integrasie van bevolkings gesien (Herbert 1992:2). Daarteenoor dien Engels as 'n nasiebouer (Mazrui 1975:98) en as 'n faktor wat juis as 'n teenvoeter vir potensieel verdelende en ontwrigtende kragte kan dien indien 'n nieneutrale Afrikataal as amptelike taal gekies sou word. Bowendien is Engels sterk selfs in state waar daar wel, soos in Oos-Afrika, 'n plaaslike lingua franca beskikbaar is (Mazrui 1975:98).

As die enigste beskikbare lingua franca in talle Afrika-state dien Engels as die medium vir politieke leierskap oor stam- en etniese grense heen en as die bindstof vir 'n enkele staatlike identiteit. Engels dien derhalwe as 'n voorwaarde vir nasieskap en gevolglik ook vir die instandhouding van stabiliteit van baie Afrika-state (Mazrui 1975:97).

Die amptelike taalklousule van Suid-Afrika, wat vir elf amptelike tale voorsiening maak, suggereer dat die posisie in Suid-Afrika anders daar mag uitsien as die posisie elders in Afrika, waar die eertydse koloniale tale, en by name Engels, so oorheersend as amptelike taal is. Suid-Afrika staar egter soortgelyke uitdagings in die gesig as hierdie state. In die afwesigheid van ander gemeenskaplike faktore plaas dieselfde noodsaak vir 'n gedeelde nasionaliteit Engels ook sterk op die voorgrond as die gemeenskaplike medium vir so 'n gedeelde Suid-Afrikaanse nasieskap. 'n Soortgelyke behoefte aan die vestiging van 'n gemeenskaplike Suid-Afrikaanse nasieskap het ook daartoe bygedra dat Engels as die enigste, of ten minste die belangrikste, amptelike taal in die huidige grondwetlike orde op die voorgrond getree het, terwyl die ander ver agter gebly het.

Engels vervul ook die rol van neutrale nasiebouer in die staatsdiens, die weermag en polisiemagte in die voormalige Britse dominiums. Die gemeenskaplike gebruik van Engels as die skakeltaal is 'n noodsaaklike voorwaarde vir die funksionering van hierdie instellings, wat hulle personeel uit moedertaalsprekers van verskeie plaaslike Afrikatale trek. Die staatsinstellings in talle van hierdie state is deurtrek van 'n magdom gedetailleerde regulasies, naas formele reëlins met betrekking tot die amptelike status van die tale, wat vaardigheid in Engels vereis ten einde dit vir hierdie instellings moontlik te maak om hoegenaamd te kan funksioneer (Schmied 1991:23–4).

Dieselfde geld vir Suid-Afrika, waar alle staatsorgane – die polisie, staatsdiens en weermag – veral vir hulle formele kommunikasie vaardigheid in Engels vereis en op die keper beskou Engelstalige instellings is. Steyn (1995) het inderdaad voorspel dat dié dinge ook in Suid-Afrika sou gebeur. Die Afrikanisering van die staatsdiens, het hy verklaar, sou ook verengelsing meebring (Steyn 1995:16). Steyn se voorspelling het 'n soliede grondslag gehad, aangesien dit onder andere gegrond was op die ervaring met staatsdienste van die eertydse swart tuislande, wat kragtens die beleid van die eertydse blanke minderheidsbewind voor 1994 onafhanklik geword het. Al hierdie tuislande was taalkundig homogeen en elkeen het 'n enkele Afrikataal tot hulle beskikking gehad waarin die staatsadministrasie kon geskied: Transkei en Ciskei het isiXhosa gehad, Bophuthatswana seTswana, en Venda Tshivenda. Die grondwette van die eertydse tuislande het ook die betrokke tale as amptelike tale in hulle onderskeie taalklousules ingesluit (artikel 41 van die Republic of Transkei Constitution Act, No. 15 van 1976; artikel 8 van die Republic of Ciskei Constitution Act, No. 20 of 1981; artikel 5 van die Republic of Bophuthatswana Constitution Act, No. 18 of 1977; en artikel 5 van die Republic of Venda Constitution Act: 1979). Nogtans het Engels beduidende vordering ten koste van die betrokke Afrikatale gemaak. Ofskoon die betrokke Afrikataal vir mondelinge kommunikasie tussen lede van die publiek (of tussen amptenare en lede van die publiek) gebruik is, is Engels vir die doel van skriftelike kommunikasie en formele kommunikasie tussen amptenare gebruik (Schuring 1992:260).

Die instrumentaliteit van Engels is ook nie tot individuele Afrika-state beperk nie. Lank voor dekolonisasie was dit juis Engels wat Afrika-nasionaliste in staat gestel het om 'n breë solidariteit onder nasionalistiese bewegings in verskeie Afrika-state (toe nog kolonies) te smee, asook met Afrikane buite Afrika, soos mense in die Wes-Indiese Eilande, en Afro-Amerikaners. Sodoende het Engels meer as enige ander Europese of Afrikataal Pan-Afrikanisme moontlik gemaak. Engels het bygedra tot die aankweek van 'n gemeenskaplike politieke identiteit onder die Britse kolonies in Afrika en het tegelyk Afrika-nasionaliste in staat gestel om hulle saak aan die wêreld te stel (Mazrui 1975:45–6; 94–5).

3.2 Afrika politieke bewussyn en die aard van Afrika-nasionalisme

Die algemene toe-eiening van die koloniale tale in Afrika, in die besonder van Engels, is nie bloot 'n kwessie van *raison d' état* nie. Die vereenselwiging met Engels is trouens veel meer intiem as om dit bloot as 'n instrument vir nasiebou en die beskerming van die staat aan te wend. Engels was inderwaarheid die skepper van 'n gemeenskaplike politieke bewussyn in die gelede van die intelligentsia in die eertydse koloniale dominiums. Engels het as't ware geboorte aan Afrika-nasionalisme geskenk. Die moderne nasionale politieke bewussyn in Afrika-state is deur die medium van Engels in die lewe geroep. Engels het die politieke woordeskat vir die weerstaan van koloniale dominasie en die wegbereiding na politieke vryheid en onafhanklikheid verskaf. Die Afrikatale self was nie hiertoe in staat nie. Die tale het Afrikane in 'n veelheid van stamme en etniese groepe verdeeld gehou en sodoende inderwaarheid verhoed dat Afrikane bewus kon raak van hulle gemeenskaplike koloniale onderhorigheid. Die verskeidenheid tale het verhoed dat Afrikane 'n begrip, gemeenskaplik met mede-Afrikane in dieselfde kolonies, van die onaanneemlike koloniale toestand waarin hulle verkeer het, ontwikkel. Die stamtale (of etniese tale) was 'n verdelende krag en 'n struikelblok in die weg na die ontwikkeling van 'n gemeenskaplike nasionalisme.

Die koloniale tale, meer bepaald Engels, het as't ware die rol van 'n verlosser vir Afrikane vervul – die instrument waarmee hulle van koloniale beheer verlos kon word en politieke onafhanklikheid kon verwerf. Engels was die gemeenskaplike bevryder vir Afrikane wat andersins – as hulle aan die stamtale bly kleef het – sou gefaal het om hierdie bewussyn te ontwikkel en die roete na politieke bevryding te vind. Engels het 'n gemeenskaplike bewussyn van koloniale onderhorigheid en 'n transetniese Afrika nasionale antikolonialisme bewerkstellig (Mazrui 1975:45–6). Op hierdie wyse was Engels 'n sleutelfaktor in die vorming van 'n politieke en nasionale bewussyn in Afrika. Dit het die hoofmedium van die uitdrukking van Afrikane se morele en regspraak geword (Mazrui 2004:57). Dit is wel waar dat sommige van die onderskeie stamme en stamlede hulle ook teen kolonialisme verset het, maar die weerstand het nasionalisties geword eers toe die koloniale taal as die medium vir die weerstand ingespan is. Dit was eers toe dat die nasionalisme 'n nasionale (koloniewye) en transetniese karakter aangeneem het. Die weerstand teen koloniale oorheersing, verduidelik Mazrui (1975:48), het “nasionalisties” geword eers toe die leiers Engelsprekend geword het:

When the Ashanti, the Masai or the Kikuyu harassed the intruders with spears three or four centuries ago they were “hostile natives”. But when they came to attack colonial rule in “sophisticated” language they became nationalists. In a variety of ways the English language was an important casual factor in the growth of African national consciousness.

Een van die kragte (ten minste na die oordeel van sekere waarnemers) wat Engels besonder bruikbaar gemaak het as ’n voertuig vir nasionalisme in Afrika, is dat dit ’n paslike politieke woordeskat verskaf het vir die ontluiking van ’n politieke bewussyn onder Afrikane (Mazrui 1975:87). Engels was, net soos die ander koloniale tale, die taal van menseregte wat die middel gebied het om ’n antikoloniale stryd met die aanwending van Westerse liberale ideologie te voer (Mazrui 2004:52). Engels en die ander Europese tale het dit derhalwe vir Afrika-nasionaliste moontlik gemaak om ’n meer komplekse en gesofistikeerde politieke stryd te kan voer:

As political activity became more complex the need for a new language to cope with it became more pressing. Basic notions like “vote”, “local government”, “responsible government” and “constitution” sometimes needed to be rendered into African languages. (Mazrui 1975:99)

Die taal van regte wat gedurende die antikoloniale stryd gebruik is, was op sigself die nalatenskap van die koloniale heersers. Die politieke diskoers (van regte) is omsluit in Westerse liberale ideologie. Die diskoers van menseregte is in die geheel in Westerse taalidoom geklee (Mazrui 2004:52, 56). Mazrui (2004:63) merk in hierdie verband op: “Most African languages, therefore, have remained poor in constitutional vocabulary, lacking even such basic terms as ‘fundamental law’, ‘the bill of rights’, ‘the right to privacy’, ‘civil liberties’, or ‘secular state’.”

Dit plaas die verlossende aard van Engels in die Afrika politieke ervaring duidelik op die voorgrond. Stamme en stam- en etniese tale kon nie nasionale bewussyn wakker maak nie. Die toevlug moes na die wapenrusting van die koloniale heersers – Engels met sy kragtige politieke woordeskat – geneem word om die koloniale meesters teë te gaan.

Engels was dus die neutrale transetniese medium vir antikoloniale nasionalistiese bewegings in die voormalige Britse kolonies. In hierdie konteks was ’n goeie kennis van Engels noodsaaklik vir politieke leierskap in die nasionale bewegings (Mazrui 1975:96). Die elites van hierdie bewegings was ook basies Engelssprekend. Dieselfde geld die ANC in Suid-Afrika (Johnson 2009:371) wat basies ’n Engelssprekende beweging is, of dan ten minste ’n beweging onder die leiding van ’n Engelstalige elite. Met ondersteuning vanuit alle etniese en taalgemeenskappe kan die ANC natuurlik nouliks anders as om juis hierdie karakter aan te neem. Dit het as’t ware geen ander keuse as om Engels as die gemeenskaplike neutrale transetniese taal te gebruik nie. By openbare geleenthede mag gehore van tyd tot tyd in Afrikatale toegesprek word, en in die wetgewer mag ’n paar woorde in een van die Afrikatale gepraat word, maar wesenlik is die beweging, net soos sy eweknieë in ander eertyds Brits-gedomineerde gebiede, ’n tipiese Afrika-nasionalistiese beweging wat homself deur die medium van Engels artikuleer.

In hierdie opsig is daar 'n grondliggende verskil tussen die Afrika nasionale identiteite en Afrika-nasionalismes teenoor die Wes-Europese nasionalismes. Laasgenoemde was wesenlik in die taal van die betrokke nasionale gemeenskap geanker en was as sodanig linguistieke nasionalismes. Een van die belangrikste bestaansoorsake van hierdie nasionalismes was die bewuswording by die betrokke gemeenskappe van hulle taal, en van wat beleef is as die taal se prag, sy uitdrukkingsvermoë en die gepaardgaande letterkundes van die betrokke tale (vgl. bv. Kohn 1944:130, 132, 143,153, 204, 229–32, 348, 429–33, 484, 496–7, 513–4 en 527–34, asook die opmerking van Hobsbawn 1994:179–81). 'n Gemeenskaplike letterkunde in die betrokke nasionale taal het 'n sin vir 'n gedeelde lidmaatskap van die betrokke taalgemeenskap by die lede daarvan in die hand gewerk. Die nasionale literatuur (in die gemeenskaplike eie taal) skep en onderhou in 'n objektiewe sin 'n eiesoortige gemeenskap waartoe die lede van die gemeenskap behoort en waarmee die lede hulleself onderling vereenselwig, selfs al ken hulle mekaar nie en selfs al het hulle geen kontak met mekaar nie. Die letterkunde in die betrokke taal is derhalwe 'n objektiewe sintuiglik-beleefbare simbool van die gemeenskap se daadwerklike bestaan. Vir so lank as wat daardie literatuur groei, bestaan die betrokke gemeenskap voort en is die letterkunde juis simbolies van die voortbestaan daarvan; en hoe ryker daardie literatuur is, hoe meer genres dit insluit, des te gesonder en ryker is die betrokke gemeenskap. Literatuur – veral sekere genres – het 'n permanente karakter. Dit oorleef die skrywer, of meer korrek, dit gee as't ware postuum nuwe lewe aan die skrywer. Gevolglik smee literatuur hegte bande tussen die huidige en die vorige geslagte, wat nie meer hier is nie, en voldoen dit terselfdertyd aan die voorwaarde vir die voortgang van die gemeenskap deur die bande wat die literatuur met die toekomstige geslagte kan skep. Met mondelinge oorlewering kan mondelinge kulture iets in dier voege doen, maar nie naastenby met dieselfde of vergelykbare doeltreffendheid en sekerheid as 'n kultuurgemeenskap met sy eie vrugbare literatuur nie. Literatuur is derhalwe in 'n besonder letterlike en objektiewe sin die lewende monument van 'n (taal)gemeenskap se eertydse, huidige en toekomstige bestaan, voortbestaan en groei.

Die Europese tale is ontwikkel om alle moontlike funksies van taal te vervul, meer bepaald die sogenaamde hoër en openbare funksies van regering, openbare administrasie, regspleging en onderwys. Elkeen van hierdie nasionalismes het hom juis deur middel van sy eiesoortige taal – en in 'n baie tasbare sin deur sy literatuur – onderskei. Hulle elkeen het ryk letterkundes in alle genres ontwikkel. ('n Omvattende taalgebaseerde politieke filosofie is vir die eerste maal deur Johann Gottfried Herder uitgewerk. Sien hieroor onder andere Minogue 1967:57–61; Kedourie 1993:56–64; Kohn 1944:429–33 en elders.)

Afrikanernasionalisme val volkome binne hierdie kategorie. Dit het ook sy bestaan te danke aan 'n bewuswording van die eie taal, Afrikaans, en die voortspruitende ontwikkeling van 'n eie letterkunde. As een van die hoofkrigte wat Afrikaner-nasionaliteit tot stand gebring het, is daar enorme energie bestee in die ontwikkeling van Afrikaans as 'n moderne literêre taal wat juis daartoe in staat is om al die hoër taalfunksies te vervul. Dit het ontwikkel in 'n taal van onderwys, met inbegrip van hoër onderwys, wetenskap, tegnologie en regering. Daar is baie gesag vir Afrikanernasionalisme as juis 'n taalnasionalisme (vgl. veral in die algemeen Zietsman 1992).

Presies die teenoorgestelde geld die nasionaliteit en nasionalisme in Afrika. Hulle het juis nie 'n taalgrondslag nie en is intendeel antikoloniale nasionalismes. Afrika kan dit nie bekostig om die klem op enige van die Afrikatale en die ontwikkeling daarvan te plaas nie, aangesien dit die staat blootstel aan die ernstige gevaar om langs taal-, stam- en etniese grense te verbrokkel. Die grense van Afrika-nasionaliteit val in die eerste plek saam met die staatsgrense wat deur die voormalige koloniale moondhede afgebaken is, en nie saam met taalgrense, soos dikwels die geval is ten opsigte van nasionalismes in Europa nie. Terwyl Europese nasionalismes hulself onderskei deur die koestering, beskerming, ontwikkeling en die uitbreiding van die gebruik en verhoging van die aansien van die *eie* taal in teenstelling met *ander* tale, onderskei Afrika-nasionalismes hulle daarin dat hulle juis 'n *ander*, neutrale en gemeenskaplike – koloniale – taal in plaas van die *eie* taal omhels. Taal-nasionalismes koester die *eie* taal en poog om dit vir algemene aanwending te ontwikkel; die nietalige Afrika-nasionalismes onderspeel die gebruik van die *eie* tale, in die besonder met betrekking tot die vervulling van openbare funksies. Anders as die Europese nasionaliteite met hulle ryk letterkundes het die Afrikatale juis weer baie beperkte of geen letterkunde nie en die gemeenskappe kom dienooreenkomstig, anders as in die geval van die Europese nasionaliteite, 'n objektiewe bestaan in die gestalte van 'n letterkunde kort. As dit wel bestaan het, sou dit per slot van rekening geheel teenstrydig gewees het met die basiese aard van antikoloniale nasionalisme, wat juis van die onderspeling van die *eie* tale afhanklik is.

Wat taal betref, is die posisie van Afrika-nasionalismes ook anders as die posisie in voormalig gekoloniseerde gebiede in Asië. In dié verband merk Mazrui (1975:15) op dat daar oor die algemeen minder taalnasionalisme in Afrika waarneembaar is as in plekke soos Maleisië, Indië en Bangladesj.

Dit is teen die agtergrond van hierdie geheel uiteenlopende spesies van nasionalisme en nasionaliteit dat daar op die taalklousule vervat in artikel 6 van die grondwet ooreengekom is. Aan die een kant was daar die Afrika-nasionalisme van die ANC met sy tipiese Afrika-nasionalistiese voorkeur vir Engels en die ooreenstemmende agterlaat van die *eie* tale; aan die ander kant was daar Afrikaner-nasionalisme met, daarteenoor, weer sy besondere voorkeur vir die *eie* taal, naamlik Afrikaans, en dus juis nie vir Engels nie. Die respons van hierdie twee nasionalismes op Engels verskil reëlreg. Die swart intelligentsia het Engels as basies die enigste openbare taal aanvaar. Nasionalistiese Afrikaners, daarenteen, het weer 'n projek onderneem om die *eie* kultuur wat onder andere in Afrikaans gewortel is, in 'n openbare taal (langs *ander* tale) te ontwikkel (Giliomee 2003:662). Sonder kennis en begrip van die uiteenlopende aard van die twee nasionalismes en hulle onderskeie opvattinge oor taal, wonder Afrikaners dikwels hoe dit dan moontlik is dat swart Suid-Afrikaners blykbaar nie veel waarde heg aan die ontwikkeling van hulle *eie* tale nie. Daarteenoor is swartes, op grond van 'n soortgelyke wanbegrip, dikwels verbaas oor wat hulle beskou as Afrikaners se verknogtheid aan hulle *stamtaal* – Afrikaans.

In die afwesigheid van 'n behoorlike ontleding van die amptelike-taal-klousule mag dit lyk of die klousule 'n vergelyk is wat albei hierdie oortuigings in ag neem: aan die een kant is Engels nie die enigste amptelike taal soos wat die Afrika-nasionaliste en die ANC wou gehad

het nie; aan die ander kant het Afrikaans ook sy eertydse gelyke posisie wat dit tot voor die inwerkingtreding van die huidige grondwet gehad het, verloor (afdeling 2.2 in Malan 2011). Amptelike status is toegeken aan elf tale, wat gelykheid van aansien moet geniet en billik behandel moet word. Dis egter juis hier waar die knoop lê, want Afrika-nasionaliste en Afrikaner-nasionaliste sal klaarblyklik totaal uiteenlopende betekenis aan die begrippe *gelyke aansien* en *billike behandeling* van die amptelike tale toeken.

Die betekenis van hierdie konsepte hang ten slotte af van die vertolkers daarvan – van hulle oortuigings en sentimente en van die onderliggende kragte wat bepalend vir hierdie oortuigings en sentimente is. In die aanloop tot die huidige grondwetlike orde in Suid-Afrika was dit 'n voldonge feit dat die Afrika-nasionaliste onder die leiding van die ANC die nuwe heersende magselite in Suid-Afrika sou wees. Hulle sou wetgewende en uitvoerende oorheersing geniet en personeel wat staatsorgane sou beset, sou hoofsaaklik uit hulle geledere kom. Hulle sou derhalwe die *interpretasiegesag* geniet om te bepaal wat hierdie maatstawwe in die praktyk beteken en om dus konkrete betekenis te verleen aan die land se amptelike-taal-bedeling. *Gelykheid van aansien* en *billike behandeling* word derhalwe deur die prisma van Afrika-nasionalisme gefilter en 'n betekenis word daaraan toegeken wat strook met die oortuigings, sentimente en voorkeure van Afrika-nasionalisme, met ander woorde in ooreenstemming met die faktore wat tot dusver bespreek is en hier onder verdere aandag kry.

Volgens hierdie oortuigings het Engels Suid-Afrika se primêre of enigste werklike amptelike taal geword; Afrikaans het sy posisie verloor en het deurlopend as amptelike taal – vir die doel van regering en onderwys in die besonder – agteruitgegaan, terwyl die amptelike Afrikatale kragtens die huidige grondwet geen merkbare vordering in vergelyking met hulle posisie voor die inwerkingtreding van die grondwet getoon het nie.

Op die keper beskou is die amptelike-taal-klousule derhalwe geen kompromie nie. Die Afrika-nasionaliste het eenvoudig hulle doel meer subtiel en langs 'n omweg bereik. Hulle het besef dat die gesag om die amptelike-taal-klousule te interpreteer by hulle as die nuwe magselite sou berus en was derhalwe volkome tevrede om tot welklinkende, breed-geformuleerde, diskresionêre bepalinge van artikel 6 toe te stem, wel wetende dat hulle self, as die draers van die nodige interpretasiegesag, uiteindelik konkrete betekenis daaraan sou verleen. Op hierdie wyse is die eertydse Nasionale Party-leiding deur hulle skerpsinniger Afronasionalistiese opponente uitoorlê.

3.3 Die taal van aspirasie en taal van onderwys

Met betrekking tot taalgebruik in die onderwys onder swart leerlinge en ouers was die oorheersende neiging in Suid-Afrika in die dekades vanaf 1910 tot 1985 om vanaf die vroegs moontlike ouderdom op Engels as voertaal aan te dring en terselfdertyd die Afrikatale as voertale in die onderwys vir die sprekers van hierdie tale te verwerp (Hartshorne 1987:62 e.v.). “African opinion” het volgens Hartshorne (1987:70) nooit met die gedagte versoen om die moedertale verder as standerd 2 (graad 4) te gebruik nie. Ofskoon opvoedkundiges eenstemmig is dat dit in die beste belang van kinders is om in hulle moedertale onderrig te word, was swart ouers ewe eenstemmig in die verwerping van hierdie oortuiging. Een van die

eerste wette wat die Transkeise nasionale vergadering ná die verkryging van selfregering in 1963 deurgevoer het, het dienooreenkomstig bepaal dat die moedertaal nie ná die eerste vier jaar van laerskoolonderwys vir onderrig gebruik mag word nie; slegs Engels mag vir die doel gebruik word (Hartshorne 1987:70). Die algemene neiging in die ander eertydse swart tuislande was soortgelyk. Buite die tuislande het swart ouers ook oor die algemeen daarop aangedring dat Engels so vroeg as moontlik in skoolonderrig as voertaal gebruik moes word (Hartshorne 1987:74–5).

Op grond van die keuse van die gebruikers self is 'n stelsel van onderrig in Engels dus vanaf standaard 3 gevolg (Hartshorne 1987:77). In die besonder was die gemoderniseerde (“verwesterste” in die taal van Giliomee en Mbenga 2007:320) professionele swart middelklas sterk afwysend teenoor moedertaal-onderrig.

Elders in voormalige Britse dominiums in Afrika was die neiging dieselfde. Ouers het eweneens daarop aangedring dat hulle kinders in Engels onderrig moet word (Schmied 1991:104). Op sommige plekke in Afrika word Engels as die enigste geskikte onderwystaal beskou. Sommige Afrika-state en sommige gebiede in dié state moet noodwendig Engels reeds vanaf die eerste skooljaar gebruik, aangesien hulle dit onmoontlik vind om enige van die inheemse tale hiervoor aan te wend. Die inheemse tale het dikwels min moedertaalsprekers, is nie gestandaardiseer nie en het 'n baie geringe aanwending as skryftale. Óf owerhede kan nie ooreenkom welke inheemse taal om te gebruik nie, óf hulle huldig bloot die mening dat die Afrikatale (nog) nie oor die tegniese woordeskat beskik om in die onderwys aangewend te word nie. Na onafhanklikwording het die nuwe Afrika-state nie soseer nuwe beleid oor taal in die onderwys gemaak nie, maar bloot die beleid wat deur die eertydse koloniale heersers gevolg is, verder gevoer. Soos Bamgbose (1991:69) dit stel:

Language in education provides the best illustration of what has come to be known as the *inheritance situation*, how the colonial experience continues to shape and define post-colonial problems and practices. Thus, while it would seem that African nations make policy in education, what they actually do is to carry on the logic of the policies of the past.

Wat gevolglik gebeur het, was dat daar ná dekolonisasie net verder van die moedertale in die onderwys wegbeweeg is, ten gunste van die sogenaamde taal van wyer kommunikasie, wat, afhangende van die betrokke koloniale geskiedenis, Engels, Frans of Portugees was. Daar was derhalwe geen wegbeweging van die eertydse koloniale tradisie nie, maar eerder 'n verdere versterking daarvan op die gebied van taalgebruik, in die besonder in die onderwys. Die koloniale tale word tans nog meer as voor onafhanklikwording in Afrika verkies (Phillipson 1992:28). Gevolglik verklaar Bamgbose (1991:71): “The overall effect of historical constraint is that African countries remain prisoners of the past.”

Selfs op mikroskaal is dit soms moeilik om 'n Afrikataal as voertaal te gebruik, aangesien skole se voedingsgebiede taalkundig so heterogeen is en nie een van die taalgroepe bereid is om te aanvaar dat enige van die ander Afrikatale as voertaal verkies word nie. In die afwesigheid van enige Afrikataal as lingua franca is die enigste uitweg 'n *straight-for-*

English-benadering. Dit gebeur veral dikwels wanneer ouers Engels as 'n middel tot, of 'n voorwaarde vir, sosio-ekonomiese vooruitgang vir hulle kinders beskou en druk op die onderwysowerhede plaas om Engels so vroeg as moontlik as voertaal te begin gebruik. In privaatskole is die neiging dieselfde. Die *straight-for-English*-benadering reeds op laerskoolvlak kom wyd voor, veral in etnies gemengde gebiede in laerskole in Zambië, Kenia, Namibië, Wes-Kameroen, Sierra Leone en Gambië (Schmied 1991:100).

Op die gebied van die onderwys is Engels aantreklik selfs in lande sonder 'n geskiedenis van Britse koloniale heerskappy. In etlike Franssprekende state in Wes-Afrika moet leerlinge Engels leer, aangesien die bevolkings van hierdie state hegte verbintenis met hulle Engelssprekende bure het (Schmied 1991:101). Engels word ook as voertaal in volwasse onderwys gebruik op grond van die oortuiging dat dit die betrokke volwassenes met die nodige ekonomiese en beroepsvoordele toerus, of omdat dit hulle in staat stel om hulle kinders wat in Engels onderrig word, beter te verstaan (Schmied 1991:101).

Na 1994, toe die ANC in Suid-Afrika aan bewind gekom het, het die neiging ten gunste van die gebruik van Engels as voertaal vir die onderrig van swart kinders verdere stukrag gekry. Die getuienis hiervoor is die oorweldigende getalle leerlinge wat vanaf 'n vroeë ouderdom in Engels onderrig word (vgl. bv. Malan 2010a:278). In weerwil van die grondwetlike vereiste in artikel 6(2) van die huidige grondwet dat die status van die Afrikatale verhoog en die gebruik daarvan bevorder moet word, het die ANC-regering in gebreke gebly om enigiets hieromtrent te doen. Trouens, onder ANC-bewind en met die goedkeuring van sy ondersteunerskorps het Engels sonder twyfel net verder vordering ten koste van die Afrikatale en Afrikaans op die gebied van onderwys gemaak.

Afgesien van die negatiewe belewenis van die Afrikatale in teenstelling met die gunstige ervaring van Engels onder Afrika-bevolkings, wat in afdeling 3.4 hier onder toegelig word, is daar ook 'n ander krag wat nadelig op die Afrikatale inwerk. Dit is die gebrekkige standaardisering van die Afrikatale en die gepaardgaande probleme wat dit vir hierdie tale as voertale in die onderwys meebring. Daar is opgemerk dat dit betreklik moeilik is om 'n duidelike onderskeid tussen Setswana en Sepedi (Noord-Sotho) te tref. Daarbenewens is daar ook soveel taalverskeidenheid in Sepedi self dat dit vrae laat ontstaan oor die bestaan van Sepedi as 'n outonome taal. Nie een van die dialekte in Sepedi is sterk genoeg dat dit as standaard vir die taal kan dien nie. Juis om dié rede word die mening gehuldig dat die gedagte van Sepedi as 'n duidelik onderskeibare taal eintlik fiktief is. Daar is ook nie 'n duidelike skeidslyn tussen die verskeie dialekte in isiZulu en siSwati nie (Herbert 1992:2–3). Herbert het met betrekking tot die Afrikatale in Suid-Afrika opgemerk dat elke taal-etiket eintlik 'n aantal taalvariëteite, wat soms baie uitgebreid kan wees, verteenwoordig. Die beskouing van 'n taalgemeenskap wat sigself op die grondslag van 'n standaardtaal onderskei, is as gevolg hiervan onhoudbaar (Herbert 1992:3). Indien 'n taal nie gestandaardiseer is nie, raak dit klaarblyklik baie moeilik om dit as onderwysvoertaal (asook vir ander hoër funksies) te gebruik. Dit is teen hierdie agtergrond dat Herbert (1992:3–4) opmerk dat daar talle probleme is om isiZulu in die klaskamer vir isiZulusprekende kinders te gebruik, aangesien hierdie

kinders se taal-repertoires in die besonder buite die eertydse stamgebiede groot verskille vertoon.

Heine (1992:30) verklaar op sy beurt dat daar geen bindende norm bestaan om die grammatikale gebruik van 'n kode ('n taal) te definieer aan die hand waarvan 'n spreker se taalvaardigheid gemeet kan word nie. Hy voeg by dat Afrikatale dikwels geneig is om pidgin-karaktertrekke te ontwikkel. Die horisontale gebruik van die Afrikatale (wat informeel onderling deur die publiek gebruik word) stem nie ooreen met die tradisionele gebruik van hierdie tale nie. Hulle vorm 'n kontinuum waarvan die interne struktuur gewoonlik nie beskryf kan word in terme van die tradisionele etikette van dialekgroepe nie.

Dit is presies hierdie soort probleem waarmee die Afrikatale te kampe het. Daar heers 'n algemene skaarste aan opvoedkundige literatuur in die Afrikatale, selfs vir die doel van basiese onderrig. Die skaarste is veral erg by gevorderde, en veral tegniese, onderwys. Gevolglik is die enigste uitweg om onderwys via die eertydse koloniale taal te bekom. Wanneer 'n persoon dus 'n ambag of dergelike tegniese vaardigheid wil bemeester, doen hy dit noodwendig in Engels of 'n ander voormalige koloniale taal as die enigste beskikbare medium vir daardie doel. Die neiging word verder versterk deur onderwys hulp aan Afrika vanuit die VSA en Brittanje wat noodwendig in Engels verskaf word (Phillipson 1992:127–9).

3.4 Versaking van die “agterlike” ter wille van vooruitgang en moderniteit

Die sterk voorkeur vir Engels strook met die politieke oogmerk om die staat teen potensiële onstabiliteit van verdelende sosiopolitieke kragte te beskut en om “nasiebou” te bevorder. In die aangesig van taalkundige, etniese, stam- en godsdienstige heterogeniteit wat die staat kan bedreig, is Engels die een bindende krag wat nasieskap kan help smee en onstabiliteit in die staat kan teëwerk. Die kragtige neiging ten gunste van Engels het egter ook 'n sterk sosiale grondslag, aangesien Engels op individuele basis allerweë baie gunstig onder Afrikane beleef word.

Talle inwoners van Afrika wat oor baie Afrikalande versprei is, is oortuig dat Engels oor sekere aantreklike hoedanighede beskik. Engels word as “mooi”, “ryk”, “logies”, “gesofistikeerd” en selfs as “sag op die oor” beleef. Voorts word Engels as presies en eksak beskou – hoedanighede wat veral deur Afrikane wat bedrywig is op die gebiede van die wetenskap, tegnologie en akademiese onderrig, hoog aangeslaan word. Engels word ook as verfynd of geraffineerd en superieur beskou - alles hoedanighede wat betrekking het op die hoë ontwikkelingspeil van die taal. Engels word ook vereenselwig met moderniteit, sukses en die opwaartse beweging van die opgevoede kosmopolitiese elite (Schmied 1991:165, 167). Daar word wyd geglo dat Engels as't ware 'n persoonlike bate is en as 'n instrument dien om individuele loopbane te bevorder (Schmied 1991:170, 184). Phillipson (1992:27) haal Kachru aan wat verwys na die oortuiging dat “those in possession of English benefit from an alchemy which transmutes into material and social gain and advantage.”

Die inheemse Afrikatale kan nie by hierdie gunstige oortuigings oor Engels kers vashou nie. In baie gevalle ly die inheemse tale aan gebrekkige woordeskat. Sommige taalregisters is eenvoudig in baie van die Afrikatale nie beskikbaar nie en gevolglik vervul Engels die gemaklike verstekposisie. Terme kom veral kort op die terreine van die wetenskap en tegnologie. Daar word dikwels ook aangevoer dat Afrikatale nie in staat is om die nodige terminologie te ontwikkel nie, of dat dit eenvoudig net te duur sal wees om dit te ontwikkel (Schmied 1991:103, 123, 138). Optimisties beskou, moet die Afrikatale eers nog 'n fase van standaardisering en taalverryking ondergaan. Dit sal egter 'n opdraande-stryd wees aangesien aangevoer word dat hulle nie oor die grammatika, woordeboeke en handboeke beskik om aan al die opvoedkundige behoeftes te voldoen soos waaroor Engels reeds beskik nie (Schmied 1991:190). In vergelyking met Engels (en 'n aantal ander tale) is die probleem van die Afrikatale basies dat hulle premodern en plattelands is en dat hulle grotendeels preletterkundige tale is (Mazrui 1975:11), sonder die nodige woordeskat en literatuur, en dat hulle gebuk gaan, indien nie onder die daadwerklike nie, dan wel onder die persepsie onder baie van die sprekers van die tale, dat hulle basies die karakter van stamtale vertoon. Tipiese stereotipes van die Afrikatale onder Afrikane is dat hulle nie werklik vir die doeleindes van skryf geskik is nie, en nie aan die vereistes wat die moderne staat stel, kan voldoen nie (Heine 1992:31). Afrikatale mag weliswaar vir private, en meer bepaald vir huishoudelike, kommunikasie gebruik word, maar origens – vir die moderne wêreld van die territoriale staat – is hulle nie werklik geskik nie.

Die neiging na Engels word verder aangehelp deur interetniese huwelike. Aangesien die pa en ma uit verskillende taalgemeenskappe kom, neem hulle die toevlug na Engels as die huistaal. Engels, wat dan duidelik voorrang bo die inheemse tale van die twee ouers geniet, word gevolglik die moedertaal van die kinders. Die resultaat waarna Mazrui (1975) verwys, is die groeiende neiging van sogenaamde Afro-Saksers, oftewel Afrikane wat Engels as hulle eerste taal gebruik. Namate die elite in voormalige Brits-Afrika hulle Engels in die huis aan hulle kinders oordra en hulle kinders tot egte Afro-Saksiese neigings bekeer, merk Mazrui (1975:11, 12) op, kan verwag word dat Engels mettertyd nie net die taal van regering en besigheid in Afrika-state sal wees nie, maar ook die huistale van die regerende elites.

Toe Engels die eerste maal met die Afrikatale in aanraking gekom het, was dié tale prelitterêre tale. Afrikane het derhalwe gewoonlik geletterd geraak via die medium van Engels (of een van die ander Europese tale). Die getalswakheid van baie van die Afrikatale se kultuurgemeenskappe en die prelitterêre aard daarvan het hulle meer vatbaar en kwesbaar vir Westerse taalinvloed gemaak as wat die geval was met die groter en militanter tradisionele gemeenskappe in Asië (Mazrui 1975:11). Hierdie faktor was ook 'n belangrike rede waarom Afrika se *literati* Engels as die medium vir literêre uitdrukking verkies het.

Daar is wel prominente skrywers in Afrika, soos Ngugi wa Thiong'o, wat hulle literêre werk in die inheemse tale lewer en wat betoog dat die inheemse tale in plaas van die nie-Afrikatale soos Engels vir literêre uitdrukking gebruik moet word. Tog mag geargumenteer word dat Engels eintlik reeds 'n Afrikaal geword het en ook as sodanig beskou word deur baie Afrikane, wat Engels dan ook juis wyd vir verskeie genres gebruik. Engels is as 'n

uitdrukkingsmedium gebruik sedert dit vir die eerste maal sy weg na die kontinent gevind het. Schmied (1991) meld dat Engels oor die afgelope twee eeue reeds in Afrika gebruik word in briewe, dagboeke, joernalistieke verslae, reisbeskrywings, literêre kommentaar en politieke geskrifte, vir preke, openbare toesprake en allerlei soorte fiksie. Bowendien het die vooraanstaande Afrika-skrywer, Wole Soyinka, wat in Engels skryf, in 1986 internasionale erkenning vir sy werk gekry toe die Nobelprys vir letterkunde aan hom toegeken is. Engels is nou deel van die Afrika-ervaring en die medium vir 'n groeiende literêre tradisie in Afrika. Engels word selfs geloof as die taal van die pan-Afrikanistiese beweging en, soos reeds gemeld, as die taal van bevryding. Verskeie skrywers gebruik Afrika-vorme van Engels as 'n kragtige medium van literêre uitdrukking. Op dié wyse word Engels inderdaad 'n Afrikataal (Schmied 1991:120–3).

4. Gevolgtrekking

Die faktore wat hier bo bespreek is, beskryf enkele van die belangrike kragte, sentimente en oortuigings wat teen die agtergrond lê van die sienswyses van die vertolkers van Suid-Afrika se diskresionêre taalbepaling en wat uiteindelik die daadwerklike betekenis van hierdie bepaling medebepaal: die faktor dat Engels die taal is wat die eenheid en stabiliteit van die staat in Afrika help verseker; dat dit gedien het as die medium van koloniale bevryding en steeds as die medium vir nasionalisme en pan-Afrikanisme; dat dit die primêre medium is om vanuit premoderntiteit en stamgebondenheid te ontsnap in die weg na opvoeding, opwaartse sosiale en ekonomiese mobiliteit, sofistikasie en prestasie. 'n Amptelike-taal-klousule in 'n grondwet wat in presiese besonderhede voorskryf hoe die plaaslike tale in regering, administrasie, onderwys en dergelike hoër taalfunksies gebruik moet word, sal steeds 'n opdraande-stryd stry teen hierdie gedugte kragte ten gunste van Engels. Nogtans kan dit heelwat doen om hierdie tale te beskerm en te bevorder. 'n Oop diskresionêre amptelike-taal-klousule soos vervat in artikel 6 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika kan egter nouliks begin om hierdie taak te probeer vervul. Intendeel, dit open die deur vir presies die teenoorgestelde, naamlik 'n diskresie wat hierdie kragte bevoordeel in plaas daarvan om hulle te beheer en aan bande te lê en wat die weg gebaan het vir groeiende Engelse eentaligheid wat sigself binne die huidige grondwetlike orde gevestig het.

Bibliografie

Artikels en boeke

Alexander, N. 1989. *Language policy and national unity in South Africa /Azania*. Kaapstad: Buchu Books.

Bamgbose, A. 1991. *Language and the nation: The language question in sub-Saharan Africa*. Edinburgh: University Press.

Brownlie, I. 1979. *African boundaries: A legal and diplomatic encyclopaedia*. Londen: C. Hurst & Co.

- Cloete, F., L. Schlemmer en D. van Vuuren (reds.) 1991. *Policy options for a new South Africa*. Pretoria: RGN Uitgewery.
- Degenaar, J. 1993. *Nations and nationalism: The myth of a South African nation*. Occasional Paper No. 40. Kaapstad: Idasa.
- De Varennes, F. 1996. *Language minorities and human rights*. Den Haag: Marthinus Nijhoff.
- Esterhuysen W.P. en P. du Toit (reds.) 1990. *The myth makers: The elusive bargain for South Africa's future*. Halfway House: Southern Books.
- Gagliano, J. 1990. The contenders. In Esterhuysen en Du Toit (reds.) 1990.
- Giliomee, H. 1991. Building a new nation: Alternative approaches. In Cloete, Schlemmer en Van Vuuren (reds.) 1991.
- . 2003. *The Afrikaners: Biography of a people*. Kaapstad: Tafelberg.
- Giliomee, H. en B. Mbenga. 2007. *Nuwe geskiedenis van Suid-Afrika*. Kaapstad: Tafelberg.
- Hartshorne, K.B. 1987. Language policy in African education in South Africa, 1910-1985, with particular reference to the issue of medium of instruction. In Young (red.) 1987.
- Heine, B. 1992. Language policies in Africa. In Herbert (red.) 1992.
- Herbert, R.K. 1992. Language in a divided society. In Herbert (red.) 1992.
- Herbert, R.K. (red.). 1992. *Language and society in Africa: The theory and practice of sociolinguistics*. Johannesburg: Witwatersrand University Press.
- Hobsbawm, E. 1994. The rise of ethno-linguistic nationalisms. In Hutchinson en Smith (reds.) 1994.
- Hutchinson, J. en A.D. Smith (reds.). 1994. *Nationalism*. Oxford: Oxford University Press.
- Johnson, R.W. 2009. *South Africa's brave new world: The beloved country since the end of apartheid*. Londen: Allen Lane.
- Kedourie, E. 1993. *Nationalism*. Oxford: Blackwell.
- Kohn, H. 1944. *The idea of nationalism*. Toronto: Macmillan.
- Makhanya, M. 2008. A future without our language is a part of wisdom thrown away. *The Sunday Times*, 23 November, bl. 38.

- . 2010. Afrikaners set a fine example championing their language. *The Sunday Times*, 24 Januarie, bl. 6.
- Malan, K. 2008. Observations and suggestions on the use of the official languages in national legislation. *SA Public Law / Publikereg*, 23(2):59–76.
- . 2009. Observations on the use of the official languages for the recording of court proceedings. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg / Journal for South African Law (TSAR)*, 1:141–55.
- . 2010a. Die Grondwet, onderwysowerhede en die pad vorentoe vir Afrikaanse skole. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 50(2):261-84.
- . 2010b. Observations on representivity, democracy and homogenization. *Tydskrif vir die Suid-Afrikaanse Reg / Journal for South African Law (TSAR)*, 3:427–49.
- . 2011. The discretionary nature of the official language clause. *South African Publikereg/South African Public Law*, 26. Ter perse.
- Mazrui, A.A. 1975. *The political sociology of the English language*. Den Haag: Mouton.
- . 2004. Globalism and some linguistic dimensions of human rights in Africa. In Zeleza en McConaughay (reds.) 2004.
- Mbeki, T. 1998. Reconciliation and nation building. *Government Communications (GCIS)*, 29 Mei.
- Meredith, M. 2005. *The state of Africa: A history of fifty years of independence*. Johannesburg: Jonathan Ball
- Minogue, K.R. 1967. *Nationalism*. Londen: B.T. Batsford.
- Mutua, Makau W. 1995. Why redraw the map of Africa: A moral and legal inquiry. *Michigan Journal of International Law*, (16):1113–76.
- Phillipson, R. 1992. *Linguistic imperialism*. Oxford: Oxford University Press.
- Schmied, J.J. 1991. *English in Africa: An introduction*. Londen: Longman.
- Schuring, G.K. 1992. Die moontlike toekomstige posisie van Afrikaans op skool. In Webb (red.) 1992.
- Steyn, J.C. 1993. Taalideologie en taalbeleid in die Suid-Afrikaanse geskiedenis – oorwegings in die ampstaaldebate? *Acta Academica*, Supplementum1, 25:1-107.

—. 1995. Die taalstryd in die oorgangstyd: Gesindhede teenoor Afrikaans 1990-1994. *Stilet*, Supplementum 1, 7:1-149.

—. 1996. Die taalklousule in die nuwe Grondwet: Moontlike toepassing. *Tydskrif vir Geesteswetenskappe*, 36(4):272-83.

Venter, A.J. 1998. Questions of national identity in post-apartheid South Africa. Johannesburg: Konrad Adenauer Stiftung Occasional Papers.

—. 2000. Ons het PW-tyd oorleef. *Rapport*, 29 Oktober, bl. 4.

Webb, V.N. (red.). 1992. *Afrikaans na apartheid*. Pretoria: J.L. van Schaik Uitgewers.

Young, Y. (red.). 1987. *Essays in honour of L.W. Lanham: Bridging the gap between theory and practice in English second language education*. Kaapstad: Maskew Miller Longman.

Zezeza, P.T. en J. McConnaughay (reds.). 2004. *Human rights, the rule of law and development in Africa*. Philadelphia: University of Pennsylvania Press.

Zietsman, P.H. 1992. *Die taal is gans die volk: Woelinge en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal*. Pretoria: Unisa Uitgewery.

Amptelike dokumente (Grondwette, verdrae, resolusies en regspraak)

Grondwette

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996.

Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet 200 van 1993.

Republic of Bophuthatswana Constitution Act, No. 18 of 1977.

Republic of Ciskei Constitution Act, No. 20 of 1981.

Republic of Transkei Constitution Act, No. 15 of 1976.

Republic of Venda Constitution Act: 1979.

Verdrae en resolusies

Handves van die Organisasie vir Afrika-Eenheid (OAE) van 1963.

Stigtingsakte van die Afrika-Unie (AU) van 11 Julie 2000.

Resolusie AGH / RES 16(1): Resolution on the intangibility of frontiers. Aanvaar op die eerste spitsberaad (van staatshoofde) van die OAE in Kaïro in 1964.

Hofbeslissings

Head of the Department of Education Mpumalanga and Another v Hoërskool Ermelo and Others 2010 (3) BCLR 177 (KH).